
# Eldo-Gespreksgids

Joh. 8:12

Ons doen hierdie lydenstyd 'n preekreeks waar ons bietjie fokus op Johannes se uitbeelding van Jesus. En hierdie week staan ons stil by **Johannes 8:12**. 'n Enkele vers, waar Jesus iets sê oor sy identiteit. Maar wat bedoel Jesus as Hy sê Hy is die "lig van die wêreld"? As ons gaan kyk na die idee van "lig" in die Bybel, sien ons dat dit 'n gereelde simbool is wat gebruik word. Byvoorbeeld, in die Ou Testament, sien ons hoe die tema van lig prominent voorkom in die boeke van die profete en dit dan die idee van verlossing na vore bring. Lig word 'n simbool van hoe God die volk van Israel sal red uit die donker tye waardeur hulle ook al mag gaan. Die wie blind is, sal sien. Die wie gevangenis is, sal vry gemaak word.  Lig het daarom 'n positiewe konnotasie; een van hoop.

Een waar God die mens gaan verlos. En dit bring ons dan by die Nuwe Testament veral in die Matteus, Markus, en Lukas evangelie. Hier sien ons hoe Jesus die vervulling van hierdie Ou Testament profesieë word. Die verlosser wat daaroor die heeltyd gepraat word in die Ou Testament, die een wie die volk moet red van al hulle seer, die een wie hulle die "lig" gaan wys: Hy is Jesus! En die evangelie van Johannes vat hierdie idee selfs nog verder: Jesus *bring* nie net die lig na die wêreld toe nie, maar Hy *is* die lig. Hy *is* verlossing self. Dit is nie iets apart van Hom wat Hy uitdeel en dan is dit iets wat Hy nie meer het nie. Verlossing is Jesus en Jesus is verlossing. Die twee kan nie van mekaar geskei word nie. En dit is wat Johannes bedoel in ons teksgedeelte van vandag: Jesus is die lig van die wêreld. Hy is die een wie ons kom verlos. Hy is die een wat ons kom verlos uit die plekke van duisternis. Die een wat ons kom help vanuit ons seer. Die een wat ons uit die donkerte uit lei – hierdie tronk en plekke van blindheid.

En dit moet ons hoop gee in die lewe, want baie keer voel ons soos die mense van die Ou Testament waar mens self ook op 'n donker plek is in die lewe. 'n Plek waaruit jy nie kan uitkom nie. 'n Tyd in jou lewe wat nie so lekker is nie. Mens sukkel om die mooi in die lewe weer raak te sien. Mens word amper "blind" daarvoor. En dit is dan Joh. 8:12 wat ons bietjie hoop gee. Jesus is die een wat ons uit hierdie donkerte, hierdie blindheid sal lei. Hy sal ons lig wees. So in plaas daarvan om te soek na blydskap of beter tye of na 'n liggie iewers in die donker; fokus op Jesus, fokus op die ware Lig. *HY* self is die lig waarna jy soek. *HY* is die een wat vir ons vreugde sal gee in ons blindheid. Hy is die een wat ons krag gee om aan te hou, want die donker omstandighede gaan dalk nog steeds daar wees, maar as jy op God fokus sien jy die lig raak.



Baie keer is dit ook so, dat ons die een is wat onsself in die donker plaas. Ons is dalk nie blind nie, maar ons is vasgevang in die tronk. Ons eie aksies het die lewe rondom ons donkergemaak. Ons eie sonde is die rede hoekom ons swaarkry. En dan is hierdie vers meer as net 'n vers van troosting of hoop. Dit is 'n *bekerings*vers. 'n Vers waar Jesus ons opnuut uitnooi om Hom te volg. Ons moet op Hom staatmaak, nie met trots op ons eie vermoëns nie, maar liewers op Sy krag en verlossing. Ons moet die besluit neem om sy hand te vat, die hand van lig, en uit die donker klim, ons sonde laat gaan en Hom te volg. Hy is ons verlosser, die een by wie ons kan skuil.

## Gespreksvrae

1. Wat in die lewe kan "blindheid" veroorsaak? Dinge *buite ons beheer* wat ons in donker plekke of situasies sit?
2. Wat in die lewe kan ons in die "tronk" sit? Dinge *wat onsself doen* wat ons in donker plekke of situasies sit?
3. Met Jesus as die "lig" in ons lewe, sal die duisternis heeltemal verdwyn? Hoekom of hoekom nie?
4. Hoe kan deur op Jesus te fokus, ons hoop, of krag, of troosting bring?

15/03/2026

ELDORAIGNE
FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak